Untitled Document

Om ‘n sebra mak genoeg te maak sodat hy gery kan word, is nie kinderspeletjies nie. In 2003 het ons d



Lila Oechler met Nyamazan, links, en Vicky van der Berg met Nandi, regs
*Foto’s: Henry O Photography*

Op dié plaas woon daar nog twee sebras: ’n jong merrie, Nandi, wat Lila onlangs geleer het om ge



Nyamazan het as jong  sebra vinnig geleer om op stem-bevel vryspring te doen

‘Zorse’

Lila het ook ‘n ‘zorse’(seperd?) genaamd  Habibi, ‘n 25-jarige Boerperd-sebra kruising. Volgens W

Die kruising tussen ’n sebra-merrie en  perd-hings word ’n ‘hebra’ genoem. ’n ‘Zonkey’ (sedonkie?)



Lila lei Nandi, toe Vicky haar die eerste  keer gery het

Maatjie

In 2003 het ons vertel dat Nyamazan se  maatjie die Friesperd Thor was. Lila sê dat Thor nog lew

“Ongelukkig kan ek hom nie by Xena sit nie,  want sy val hom aan en jaag hom tot hy gedaan is,” sê Lila



Nyamazan het homself geleer om in die huis in te kom. Hy loop na die yskas, waar hy wortels uithaal. Die bulhond-tefie, Gaby, is sy maatjie

Op die plaas woon daar ook 'n jonger Friesperd, Odin, wat deur Lila se man Henry gery word en L

Lila het in 2003 al gesê dat sy geen probleme het met die oordra van siektes tussen sebra en perd



Vicky en Nandi

Makmaak

Lila het Nyamazan, wat die Zulu-woord vir 'klein diertjie' is, as 'n sewe-maande oue vul by 'n wild

Selfs in sy erg-verdoofde toestand het Nyamazan daardie nag reg bo-oor die 6,4 voet muur van di



Nyamazan gryp ‘n stukkie roosterbrood met  appelkooskonfyt

Dié episode het Lila laat besef dat dit nie  so maklik gaan wees om ‘n sebra-vul mak te maak nie en

Lila sê dat sebras baie meer sensitief is as  perde en omdat hulle so emosioneel is, was die inbreek



Lila se ‘zorse’ Habibi saam met Nandi toe sy nog ’n vulletjie was

“Jy moet nooit probeer om ‘n wilde dier se gees te breek nie en in die begin het ek vir ‘n week lank voor

“Sy kop het naderhand gebloei en al wat ek kon dink was: Wat op aarde het ek gedoen?”



’n Mak sebra wat vroeg in die 1900's in  Oos-Afrika spring
*Foto:  Wikipedia*

Halter

Dit het lank gevat voor Nyamazan Lila toegelaat  het om in die stal in te kom. Na ‘n ruk kon sy vir

Lila het hom daarom meestal bloots en met  ‘n stanglose toom gery omdat hy goed op bevele reag



Walter Rothschild met sy sebra-koets op pad  na Buckingham Palace

Lila het onlangs weer deur al dié grondwerk  en opleiding met haar sebra-merrie Nandi gegaan. Sy

Sy het vir Vicky van der Berg, ‘n graad-elf  skoolmeisie van Die Wilgers Hoërskool, betrek. “Vicky r

Met Lila se sebra-toere kry mense die kans  om die sebras van naderby te leer ken, hulle te roskan



Mev Johnson in 1923 op ‘n sebra genaamd  Bromar
*Foto: Steemit*



‘n Sebra as deel van ‘n toekase sirkusvertoning
*Foto: Pinterest deur Hanna Holmgren*

Toeka

Lila se mak sebras is nie die enigstes wat ooit in die Pretoria-omgewing ingespan is nie. In die laat 1800’s het die bekende Zeederberg poskoets agter ‘n span sebras op Kerkplein aangekom.

Perdesiekte was ‘n groot probleem in die destydse Zuid-Afrikaanse Republiek en sebras, wat teen dié siekte bestand is, is as trekdiere gebruik. Dié eksperiment was glo nie op die lange duur geslaagd nie, omdat die sebras nie so beheerbaar soos perde was nie.



Dr Rosendo Ribeiro op huisbesoek in Nairobi
*Foto: Daily Mail*

Sebras is in 1874 in Parys, Frankryk as trekdiere gebruik. Kaptein Horace Hayes het in 1891 ‘n volwasse bergsebra-hings makgemaak en die eksperiment was so suksesvol dat sy vrou op die sebra gery het en gereeld op hom afgeneem is.

In die middel-1800's het goewerneur George Grey sebras na Nieu Seeland uitgevoer vanaf sy vorige pos in Suid-Afrika. Hy het dié sebras gebruik om sy koets te trek op Kawau, 'n eiland wat aan hom behoort het.



Dié foto van die Zeederberg Poskoets met sy span sebras is in die 'Lantern' van Junie 1983 gepubliseer

In Engeland het die diereversamelaar, Lord Rothschild, gereeld deur London met sy befaamde sebra-koets gery. In 1907 het Rosendo Ribeiro, die eerste dokter in Nairobi, Kenia, huisbesoek op 'n sebra gedoen.

Sebras wat mak aangehou word kan soos 'n perd 25 jaar of ouer word, maar in die natuur lewe hulle gemiddeld net so 10 tot 12 jaar voor hulle as prooi gevang word.